

Ekonomieë in 'n flits

Desember 2021

Raming 2022:

BBP: 4.1%

Inflasie: 2.8%

Raming 2023:

BBP: 2.5%

Inflasie: 2.2%

VSA

Die tydsberekening vir die verhoging van rentekoerse sal vanjaar een van die belangrikste fokuspunte in die VSA wees. Bewyse dat inflasionele druk groter word, het die Amerikaanse Federale Reserveweraad aangedryf om sy effekte-aankope aggressiever te verminder. Dit het markte na vore laat tree met hul verwagtings van wanneer rentekoerse die eerste keer sal styg. Vroeg in Desember 2021 het 'n meningspeiling van *Business Times* getoon dat die mark twee rentekoersstygings in die eerste helfte van 2022 verwag en geraam dat die Federale Fondse-koers op 1.5% aan die einde van 2023 sal staan. Markte sal ook die uitslag van Amerika se mediumtermynverkiesing in November 2022 fyn dophou, veral as die skielike en onverwagse val van President Joe Biden se gewildheid in ag geneem word en die gevolg daarvan by die stembus vir Demokratiese leiers se vooruitsigte. Politieke binnegevegte oor Biden se binnelandse agenda het nog olie op die Republikeine se vuur gegooi.

Eurosone

Raming 2022:

BBP: 4.3%

Inflasie: 2.5%

Raming 2023:

BBP: 2.2%

Inflasie: 1.5%

Verenigde Koninkryk

Eerste minister Boris Johnson se Brexit-onderhandelingstrategie oor Noord-Ierland behoort vroeg in volgende jaar die nuushooftrekke te oorheers. Die VK wil Artikel 16 van die Noord-Ierland-protokol in werking stel om die papierwerk te verminder van goedere wat tussen Brittanje en Noord-Ierland versend word. Brittanje het verder die Europese Gereghof versoek om nie die regte te behou om elemente van die protokol af te dwing nie, maar die Europese Unie (EU) het dit van die hand gewys. Die EU voer aan dat as daar nie 'n grens in die Ierse See is nie, dit die agterdeur na die EU-enkelmark sal oophou. Sonder volle beheer oor produkte, kan kontrole uitgeoefen word wanneer goedere die EU inkom en dit kan inbreuk maak op Ierland se regte as 'n lid van die EU. Die *Financial Times* waarsku dat enige uitrafeling van die protokol die grondslag van die handelsooreenkoms met die EU kan ondergrawe en politieke bande kan laat skeur.

Japan

Raming 2022:

BBP: 2.8%

Inflasie: 0.7%

Raming 2023:

BBP: 1.5%

Inflasie: 0.6%

Belangrike presidentsverkiesings gaan die Eurosone se politieke landskap in 2022 vorm. Die verkiesing in September 2021 in Duitsland het geleid tot 'n koalisie-regering tussen die Sosiaal-Demokrate, die Groen Party en die liberale Vrye Demokrate. Terwyl die koalisie plegtig beloof het om die pandemie aan te pak, sosiale geregtigheid te bevorder, koolstofvrystelling te verhaas en aan fiskale dissiplines gehoor te gee, bly dit slegs beloftes tussen dié drie uiteenlopende partye. Frankryk sal ook in April 'n nuwe president verkies met die huidige president Emmanuel Macron en sy teenstander, die verregse populis Marine le Pen wat tans die gunsteling is. Verder verstryk Italië se Sergio Mattarella se presidentstermyn in Februarie vanjaar. Hoewel die rol van president in gewone tye hoofsaaklik ceremonieel van aard is, is dit uiterst belangrik in ontstuitige politieke tye, aangesien die president uiteindelik verantwoordelik is vir die land se verhouding met Europa.

Raming 2022:

BBP: 4.5%

Inflasie: 3.8%

Raming 2023:

BBP: 2.2%

Inflasie: 1.9%

Die stryd teen COVID-19, die omstrede aanbieding van die Olimpiese Spele en die aanstelling van die sewende premier sedert die wêreldwyre finansiële krisis was in 2021 die mark se grootste bekommernisse. Luidens *Reuters* is 78% van Japan se bevolking wel teen vroeg Desember 2021 ten volle ingeënt, wat 'n aanduiding is van Japan se suksesvolle inentingsveldtog. Dit laat die nuwe premier Fumio Kishida toe om hom toe te spits op sy oproep tot 'nuwe kapitalisme', wat die mark vertolk het as groter regeringsinvloed om welvaart te herverdeel. Kishida meen dat Abenomics (voormalige premier Shinzo Abe se drieledige benadering, wat geldelike verligting, fiskale konsolidering en hervormings insluit) ongelykhede vererger het. Hoewel verskeie gevorderde nasies hoër inflasie aanpak, het die ouerwordende demografie en lae groei in lone inflasieverwagtings oor die langer termyn ongeskonke gelaat.

China

Raming 2022:

BBP: 5.1%

Inflasie: 2.1%

Raming 2023:

BBP: 5.3%

Inflasie: 2.0%

Ontluikende markte

Fiskale en monetêre toestande word minder akkommoderend in die ontluikende markte-groep (OM).

Verskeie OM'e het daadwerklik gereageer op druk teen stygende inflasie, terwyl 'n aantal OM-regerings hul

 fiskale tekorte in toom probeer hou. Die gevvolglike vernouing van finansiële toestande kan lei tot 'n afname

in groei regoor die OM-groep in 2022. Hoewel die versnelde pas van inentings ekonomiese bedrywigheude

'n hupstoot gegee het, hou die verspreiding van die nuwe COVID-19-variant Omicron steeds 'n bedreiging in vir groei. Geopolitiek hou deurgaans 'n gevaar vir die

streek in gegewe die aantal belangrike presidentsverkiesings wat plaasvind. In Latyns-Amerika sal die Columbiaanse (29 Mei) en Brasiliaanse (2

Oktobre) presidentsverkiesings in 2022 in die kollig wees. In Asië sal Suid-Korea (9 Maart) en die Filippyne (9 Mei) albei presidente verkies, terwyl kiesers in April in Hongarye in Oos-Europa by stembusse sal vergader.

Raming 2022:

BBP: 2.0%

Inflasie: 4.6%

Raming 2023:

BBP: 1.8%

Inflasie: 4.3%



China

China se Kommunistiese Party sal in 2022 sy 20ste Nasionale Kongres, die belangrikste politieke gebeurtenis van die jaar, in Beijing hou. Hoewel die mark verwag dat president Xi Jinping 'n derde termyn sal aanbly, kry sy 'geen-COVID-beleid' die wind van voor. Die moontlike negatiewe uitwerking op groei van Xi se strewe na 'algemene welstand' en die kanse dat Evergrande se skuldkrisis kan oorspoel na ander eiendomsontwikkelaars met groot skuldvlakke kan ook teen hom tel. Xi se siening dat oosterse outokrasieë sterker word terwyl westerse demokrasieë kleiner word, wil te kenne gee dat die dooie punt tussen China en die VSA sal voortgaan. Terwyl Sino-Amerikaanse verhoudings danksy onderlinge belange (wederkerigheid in die handel en klimaatsverandering) kan verbeter, maan die graderingsagentskap Fitch teen groter spanning tussen die weste oor ideologiese verskille, nywerheidsmededinging en militêre mag.

Raming 2022:

BBP: 5.0%

Inflasie: 3.9%

Raming 2023:

BBP: 4.8%

Inflasie: 3.5%

Suid-Afrika

Groei- en fiskale uitkomste het markte in 2021 aangenaam verras, maar die nuwe jaar hou groter risiko's in. Groei sal na verwagting aansienlik verlangsaam van die verwagte 4.9% verlede jaar tot 'n geskatte 2% in 2022. 'n Afname in wêreldwye aanvraag, sagter kommoditeitspryse, beperkings op kragvoorsiening en voortslepende werkloosheid sal bedrywigheude inperk. Omicron het boonop vars kommer oor groei gewek. Mediumtermyndruk op staatsbesteding as gevolg van die moontlike oorskryding van die lonerekkening en die behoefte om 9.5 miljoen huishoudings te ondersteun, wie se Sosiale Hulpverlening einde Maart 2022 verval, ry die regering se planne vir fiskale konsolidasie en die stabilisering van skuld in die wiele. Daarbenewens bly munisipaliteite se geldsake in wanorde (nog meer ingewikkeld gemaak deur die onbesliste rade as gevolg van die plaaslike regerings verkiesings) en 'n aantal staatsbeheerde ondernemings is geldelik in die moeilikheid, wat op die langer termyn risiko's vir die regering se balansstaat en die soewereinerisiko-vooruitsig inhou. Op die politieke kalender sal die kollig val op die ANC se Beleidskonferensie in die middel van die jaar en die Verkiesingskonferensie aan die einde van 2022. Hoewel die opstande in Julie 2021, 'n uitdagende getuienis by die Staatskapingkommissie en die swak vertoon van die ANC tydens die plaaslike regeringsverkiesing teen president Cyril Ramaphosa tel, vergroot die gebrek aan ernstige mededingers sy kanse om weer as die president van die party verkies te word.

Die makro-navorsingsspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonom, Sanisha Packirisamy, is verantwoordelik vir die makroraamwerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerde, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborg van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknemers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konneksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomsdig vry te waar. Vir meer inligting besoek momentum.co.za. Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.

Indekse vir Desember 2021

	Een maand	Drie maande	Een jaar	Drie jaar	Vier jaar	Vyf jaar	Ses jaar	Sewe jaar	Tien jaar
Aandele-indekse									
FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi)	4.80%	15.13%	29.23%	15.71%	9.11%	11.38%	9.87%	9.18%	12.17%
FTSE/JSE Aandeelhouersgeweegde-indeks (Swix)	4.62%	8.31%	21.06%	10.74%	4.65%	7.77%	7.16%	6.64%	10.93%
FTSE/JSE Bobeperkte Swix-indeks	4.85%	8.68%	27.08%	10.91%	4.99%	7.20%	6.85%	6.26%	10.65%
FTSE/JSE Top 40-indeks	4.82%	16.25%	28.40%	16.65%	9.84%	12.36%	9.91%	9.56%	12.35%
FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye	4.29%	3.83%	28.88%	8.45%	3.59%	4.33%	7.79%	5.46%	9.76%
FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye	7.33%	8.75%	59.08%	15.01%	6.77%	5.99%	8.34%	6.50%	11.80%
FTSE/JSE Hulpbronindeks	5.33%	21.62%	32.31%	27.26%	24.23%	22.93%	24.75%	13.15%	7.78%
FTSE/JSE Finansiële-indeks	8.68%	2.50%	29.59%	1.56%	-1.13%	2.88%	3.30%	3.39%	10.21%
FTSE/JSE Nywerheidsindeks	2.92%	16.09%	26.45%	15.54%	6.19%	9.27%	6.46%	7.68%	14.05%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse									
40-indeks (Rafi)	6.22%	11.38%	41.77%	14.81%	10.03%	11.51%	12.83%	9.68%	11.55%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi	6.04%	11.11%	41.18%	14.52%	9.58%	11.11%	12.50%	9.29%	11.28%
FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy)	7.88%	8.35%	36.94%	-2.94%	-9.08%	-4.35%	-2.07%	-0.69%	5.92%
FTSE/JSE Alle-eiendomsindeks (Alpi)	7.61%	8.42%	38.63%	-3.80%	-9.60%	-5.21%	-4.42%	-2.01%	5.29%
Rentedraende-indekse									
FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi)	2.69%	2.87%	8.40%	9.12%	8.76%	9.05%	10.09%	7.97%	8.20%
FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi)	0.32%	1.37%	4.17%	7.68%	8.04%	8.36%	8.64%	7.98%	7.48%
FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili)	4.66%	5.25%	15.67%	7.18%	5.34%	4.79%	5.01%	4.81%	6.41%
Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi)	0.34%	0.98%	3.81%	5.49%	5.93%	6.25%	6.44%	6.44%	6.17%
Kommoditeite									
NewGold Beursverhandelde Fonds	0.38%	9.37%	3.44%	15.69%	15.54%	12.24%	9.29%	10.66%	8.10%
Goudprys (in rand)	0.68%	10.66%	5.29%	16.48%	16.15%	12.95%	10.01%	11.22%	8.91%
Platinum Beursverhandelde Fonds	0.83%	4.91%	-3.85%	9.76%	7.08%	3.64%	1.59%	0.88%	
Platinumprys (in rand)	2.06%	7.43%	-1.73%	10.70%	7.65%	4.56%	1.93%	1.58%	-0.34%
Wisselkoersbewegings									
Rand/euro bewegings	-0.19%	3.92%	0.84%	3.32%	5.08%	4.65%	1.25%	3.76%	5.63%
Rand/dollar bewegings	0.19%	6.21%	9.12%	3.63%	6.60%	3.15%	0.53%	4.73%	7.09%
Inflasie-indeks									
Verbruikersprysindeks (VPI)	0.49%	0.98%	5.47%	4.06%	4.34%	4.40%	4.76%	4.76%	5.01%

Important notes

1. Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
2. Returns for periods exceeding one year are annualised.
3. The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
4. The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
5. FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
6. The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
7. Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
8. The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
9. Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.